

Boere plaas al meer druk op Ramaphosa



*Mnr Louis Meintjes,
president van TLU SA*

Terwyl TLU SA sopas sy nuwe korporatiewe beeld bekend gestel het, het die meer as 120-jaar oue landbou-unie ook sy aanslag teen die ANC-bewind verskerp.

In 'n ope brief aan die staatshoof en ANC-leier, Cyril Ramaphosa, het TLU SA se president, mnr. Louis Meintjes, gevra wat sou Ramaphosa graag as sy nalatenskap wil sien. Hy word daarvan beskuldig dat hy nie omsien na die landsburgers se veiligheid nie en ook nie aandag aan die ekonomiese welstand van die land gee nie, maar eerder ras-behepte maatreëls najaag en dat hy dus as leier en regering faal. Die resultaat is werkloosheid en armoede, terwyl die markte daagliks toon hoe hulle op sy uitsprake reageer.

TLU SA eis dat Ramaphosa as ANC-leier en as staatshoof plaasmoorde moet verwerp en sy volgelinge moet oproep om dit te staak.

TLU SA het sy embleem effens aangepas en het

sy sosiale media-aanslag verbeter. Die organisasie het beklemtoon dat hy geensins aan sy beginsels en beleid gaan verander nie. TLU SA bied reeds sedert September 1897 'n vesting vir Suid-Afrika se kommersiële boere. Van die begin af was die uitgangspunt om sterk standpunt in te neem namens die boer, ongeag die regering of ander rolspelers se agendas.

“Ons is trots daarop dat ons steeds die enigste landbou-organisasie is wat uit die boer, vir die boer optree om die boer se belange te dien,” het mnr. Meintjes gesê. “Ons erken allereers dat die Goddelike seën onontbeerlik is in alle ondernemings van individuele boere en die landboubedryf in die algemeen. Dié twee standpunte is ons grondbeginsels waarvoor ons nooit sal onderhandel nie.”

Met vooruitgang is daar egter dinge wat noodwendig verander en dit is ook so in die landboubedryf. Tegnologie het die landskap en manier van boer heeltemal verander. TLU SA is voortdurend besig om die nuutste metodes, hulpmiddels en vaardigheid oor landboutegnologie aan ons lede bekend te stel.

Tegnologie het ook die manier om te kommunikeer heeltemal verander. Met 'n groeiende belangstelling van veral jonger boere en ondersteuners
(Vervolg op bladsy 8)

HEINRÉ DE BRUIN

Die Moeitedoener



Kontak my vir 'n Mediese Skema of Skemaversterker wat so omvattend moontlik aan u behoeftes voldoen, teen 'n prys wat u sak pas.

082 953 3222 / 053 531 0123

Finansiële Diensverskaffer – Lisensie 8840

Lyne word duideliker getrek

Dit is nie net in die politiek waar daar 'n toenemende polarisasie plaasvind nie. Ons het al uitgewys hoedat daar 'n radikaliserings na links onder die swart gemeenskap plaasvind. Selfs die VF Plus, wat sterk aanklank by nieblanke minderhede probeer vind, het sterker uit die laaste verkiesing gekom omdat baie Blankes die kwasi-gematigde en erg rasvermengde DA die rug toegekeer het.

Ramaphosa het ook feitlik van sy laaste meeloper blanke minister ontslae geraak in sy nuwe kabinet. Dit trek 'n direkte streep deur sy onderneeming tydens sy inhuldiging dat hy 'n president vir almal sal wees.

Helaas word daardie skeidingslyne ook dikwels sigbaar in die kultuurgemeenskap — juis daar waar mens sou hoop dat Afrikaners ten minste oor taal en kultuur-aspekte sou saamstem. Maar ook daar kruip die misplaaste en futiele politieke korrektheid in.

In die laaste tyd word hierdie tendens ook duideliker in landboukringe. Alhoewel baie boere pleit vir groter eenheid in landbou, is dit nie moontlik nie solank daar wesenlike beginselverskille is. Aan die een kant is daar TLU SA, die oudste landbou-organisasie, wat sterk staan op sy beleid en beginsels. Aan die ander kant is daar Agri SA wat pragmaties probeer wees, so 'n bietjie speel vir die boere-gehoor, en dan weer vir die regeringsgehoor.

TLU SA eis al lank dat Cyril Ramaphosa as ANC- en regeringsleier plaasmoorde moet veroordeel, waaroor hy swyg. Agri SA se president bel vir Ramaphosa, wat hom dan meedeel hy is bekommerd oor plaasmisdad, en Agri SA gee dit aan die boere deur asof dit wonderlike nuus is. Ramaphosa het die landbougemeenskap, en ook Agri SA spesifiek, mislei met sy dubbelspraak en sy versuim om enige landbouwerwante probleem op te los of aan te spreek.

Boonop laat Agri SA geen geleentheid verbygaan om transformasie te predik nie, omdat hulle glo dat die gewaande "onregte van die verlede" reggestel moet word — 'n totaal verkeerde vertrekpunt waarmee TLU SA nie kan saamgaan nie.

Hoe lank moet mense nog besig gehou word met pragmatisme, opportunisme en politieke korrektheid? Gelukkig is daar instansies wat hou by beginsels. En dit wil tog voorkom of die breë publiek besig is om terug te keer na omylnde beginsels. Mag daardie tempo net versnel!



Kommentaar

Om ideale lewend te hou

Die HNP vier op Vrydag, 25 Oktober sy vyftigste verjaardag.

Daar word tans gewerk aan 'n Gedenkalbum oor die bestaan en die politieke stryd van die HNP oor dié 50 jaar. Die album sal terselfdertyd ook 'n baie kort oorsig gee van die politieke gebeure in die na-Verwoerd-era.

Wanneer daar nou teruggeblaai word en die politieke oorgawe van mnre John Vorster en PW Botha opnuut beskou word, lees 'n mens dit met skok en verbasing.

Die Afrikanervolk was 'n trotse en vooruitstrewende volk. Na die moord op dr Verwoerd het mnr Vorster die een toegewing na die ander gemaak wat die Afrikanervolk sy vryheid gekos het. Die rol wat Suid-Afrika gespeel het om sy blanke buurstate aan swart kommunistiese terroristebendes uit te lewer, lees nou soos 'n storieboek. Die verskil is net: dit is die waarheid. Dit is deel van die geskiedenis. En die oningeligtes sal sê: so-iets is tog nie moontlik nie.

Dit is die toegewings van hierdie swak NP-leiers wat mnr FW de Klerk in staat gestel het om Suid-Afrika en die Afrikaner finaal oor te gee aan die kommunistiese ANC.

Wat nou? Wat is nou die posisie van 'n volk wat verdruk word? 'n Volk wat geen vryheid het nie? 'n Jong geslag wat dit nie ken nie?

Die media propageer die bestaande orde as normaal en 'n gegewe. Leef daarbinne en probeer net om finansiële te oorleef. Ander sê ons moet binne dié vyandige orde darem sekere regte hê soos skole en universiteite. Handhaaf die Afrikaanse taal. Ons noem dit kulturele selfbeskikking binne die vyandige bestel.

Daarmee vind ons geen fout nie. Maar is dit genoeg? Sommige sê nee. Hulle verlaat die land op soek na 'n beter en veilige heenkome. En in die proses verlaat hulle hulle volk en dobber as enkelinge in die vreemde, want die NP-leiers het hulle volk vermoor.

Dan is daar die Bittereinders. Daar is die mense van die HNP wat vir 50 jaar die ark van nasionalisme op 6 September 1966 in die bloedplas van dr Verwoerd in die Parlement opgetel het, dit met alles tot hulle beskikking beskerm en daardie ark met geloof dra om daaruit die waardes van volkskap en volkstrots en Afrikanernasionalisme te haal en Afrikaners opnuut te besiel: moenie moed opgee nie! Die land is ons land! Dit is met Afrikanerbloed gekoop. Ons sal weer ons vryheid herwin!

Maar eers moet ons die bewustheid van volkwees vestig. Dan moet ons die wil om vry te wees, by ons volk inskerp. Uit daardie wil en besef sal ons opstaan soos ons voorgeslag teen die Britse onderdrukking opgestaan het.

Die vryheidsvlam brand klein, maar dit brand.



Ekonomie en Ideologie

Mens sal baie lank moet soek om vandag 'n optimistiese ekonoom in Suid-Afrika te kry. Diegene wat aan ons die “ekonomiese wonderwerk” van 1994 wou verkoop, het almal stil-stil verdwyn. Trouens, die veroordeling van die ANC-regime se ekonomiese beleid en gebrek aan prestasie word al luider, en al meer word dit gesien as 'n groot ramspoed vir die land. Grondonteiening word daarom ook binne hierdie konteks veroordeel, nie soseer oor die ideologiese grondslag daarvan nie. Tog kan ekonomie en ideologie nie los van mekaar gesien word nie.

Dit is baie verfrissend om te luister na 'n ekonoom soos dr Dawie Roodt, iemand wat uitgesproke is oor die dwaashede wat die ANC-regime aanvang. Hy skryf op 10 Junie 2019 in *Sake-Beeld*: “Niemand is werklik in beheer van enigiets nie. Inteendeel, die ‘regering’ is soos 'n giftige hidra waarvan die koppe mekaar probeer afbyt. Daar is geen duidelike ideologie nie, daar is geen duidelike beleid of enige noemenswaardige plan nie — en daar is geen leier nie.”

Dit is 'n harde en skerp oordeel. So voel ons as konserwatiewe Afrikaners lankal oor ons land. Ons kan egter net in een opsig van dr Roodt verskil, en dit is dat daar inderdaad 'n ideologie agter die ramspoedige ekonomiese beleid is. Die HNP het reeds sedert die sewentigerjare gewaarsku teen die uiteinde van swart regering, dat dit die deur vir sosialisme en kommunisme wyd sal oopstoot. Lees maar gerus wat dr Albert Hertzog en mnr Jaap Marais daarvoor geskryf het. Hierdie leiers het ook die rol van die geldmag (die sogenaamde “kapitaliste”) van agter die skerms ontmasker: want hulle is in vele opsigte kop in een mus met die projek van die sosialisme. Deur die staat te beheer, word die pad vir hulle oopgemaak om die ekonomie te beroof. Dit is die ware “staatskaping” wat in fases deurgevoer is sedert die sewentigerjare, toe die beleid van inflasie vrye teuels gegee is en toe beheer oor groeifondse en valutatransaksies verslap is.

Die geldmag (banke, versekering, myne, e.a.) voel baie min bekommerd oor die onteiening van boere se plase. Een van die woordvoerders van 'n groot bank in Suid-Afrika het juis vroeër vanjaar gesê hulle is nie so bekommerd nie, want hulle is in gesprek met die regering daarvoor. Dit beteken net een ding: die banke se belange sal beskerm word.

Let maar goed op: soms klink Cyril Ramaphosa en sy

generaals na kapitaliste, en soms klink hulle soos harde kommuniste. Dit is 'n verwarrende spel wat gespeel word, en wat daartoe lei dat ekonome soos dr Roodt meen “daar is geen ideologie nie”. Daar is inderdaad 'n ideologie, en dit is die ideologie van staatskaping. Hierdie ideologie het 'n duidelike doel: die herverdeling van rykdom. Kan lesers nog daardie woord onthou uit die era van John Vorster en PW Botha? Toe was dit juis deel van die Nasionale Party se beleid. Ministers Owen Horwood en Barend du Plessis het dit ook so uitgevoer. Selfs 'n liberale ekonoom soos Sampie Terreblanche het dié slenter aan die kaak gestel in sy geskifte, en hy het gewaarsku dat die kompromis tussen die Nasionale Party en die kommunistiese ANC tussen 1990 en 1994 in der waarheid neerkom op 'n sameswering.

Ons lewe in 'n tyd waar die gevolge van hierdie same-swering tussen die groot magsbehepte kapitaliste en die kommuniste besig is om die voorspelbare vrugte van chaos op te lewer, 'n situasie wat dr Roodt in sy artikel “geklikheid sonder grense” noem. En ons kan maar aanneem dat Cyril Ramaphosa volkome binne daardie same-swering se doelwitte sal optree; ironies genoeg, dié leier van swart vakbonde en die UDM in die 1980's wat destyds arm gedruk het met die Kamer van Mynwese. Dit is duidelik dat die Kamer van Mynwese Ramaphosa suksesvol ingekoop het. En laat ons nie dink dat dit gaan oor die langtermyn belange van die mynmaatskappye nie; dit gaan oor die korttermyn plundering van die rykdomme van die land. Anglo-American en sy medegenote het reeds in die 1980's hul hoofkwartier na Londen verskuif; die Oppenheimer-familie het hul belange in Anglo verkoop en hoofsaaklik net De Beers behou.

Die resultate van die ANC se geklikheid dring nog maar stadig deur tot die gewone publiek. Hulle dink dit is net 'n geval “om die regering van korrupsie skoon te maak” en dan loop alles weer reg. Onder die heersende ideologie van die herverdeling van rykdom (kenmerkend van Afrika-sosialisme) is die hele ekonomie in gevaar, en op 'n voortdurende grondslag. Daar is niemand wat die kartel agter die ekonomie kan aanvat nie, allermins die Openbare Beskermer.

Volgens dr Dawie Roodt kan die volgende nou verwag word: “Ekonomiese groei gaan jare neem om te herstel en 'n resessie vanjaar is moontlik. Belangrike syfers wat gewoonlik teen die BBP gemeet word — soos die fiskale tekort, staatskuld en die lopende rekening — gaan almal verswak. Staatsinkomste gaan verder onder druk kom — wat hierdie verhoudings selfs meer gaan verswak. Nuwe populistiese planne gaan voorgestel word. Intussen gaan Suid-Afrika verder afgegradeer word, en die Rand verswak verder...”

Dit is jammer dat die Afrikanervolk nie vanaf die sewentigerjare met meer aandag geluister het na die HNP se tydige waarskuwings oor die gevolge van 'n swart regering nie. ■



Verjaardagfonds

Die HNP vier vanjaar sy vyftigste bestaansjaar.

Dié gebeurtenis word met groot dankbaarheid beleef. Vir vyftig jaar het die HNP deurgaans by die beginsels van Afrikanernasionalisme bly staan. Die primêre vereiste in ons stryd is dat volksnasionale by die volk gevestig moet word.

Vir bykans vyftig jaar het die HNP ook *Die Afrikaner* as koerant, later as tydskrif en nou as elektroniese strydblad uitgegee. Daarin is die boodskap van Afrikanerskap, eie vaderland, volksvryheid en volkstrots uitgedra. Dit word steeds gedoen. Die HNP besef dat ras steeds die grootste onderskeidingsfaktor in die politiek is — wêreldwyd.

Die HNP fokus op die Blankes se belange. Ons publiseer kommentare oor sake wat die Witman raak, ons skryf artikels oor ons volksverlede om die jongmense wat dit nie ken nie, in te lig. Ons erken die geskiedkundige feite dat Suid-Afrika die eiendom van die Witman is, en ons beveg die leuen dat ons dié land van die Swartes gesteel het.

In hierdie vyftigste bestaansjaar sê die HNP geluk en baie dankie aan elke ondersteuner wat die HNP in staat gestel het om tot hier te kom. Maar dit kos steeds geld om dié stryd in volksbelang voort te sit en *Die Afrikaner* te publiseer.

Daarvoor het ons u ondersteuning nodig om voort te gaan om die boodskap en missie van die HNP uit te dra. Dié missie wat fokus op die Afrikanervolk se vryheid in sy vaderland. Daarvoor vra ons vir elke leser, elke Afrikaner en elke volksgenoot om by te dra tot die HNP se verjaardagfonds en sê ons by voorbaat baie dankie!

Die Missie van die HNP:

Om Afrikanernasionalisme lewendig te hou en aan te wakker as die drywende mag wat tot nasionale vryheid vir die Afrikanervolk moet lei.

Ons wil dit bereik deur

- volksgenote toe te rus met kennis, ten einde liefde en respek te kweek vir ons eiendomlike en ons nasionale strewe;
- vyandige en skadelike propaganda teen te gaan; en
- volksgerigte Afrikaners te betrek by doelgerigte aksies om hul identiteitsbewussyn, kulturele selfstandigheid, nasionalisme en die staatkundige vryheid van die Afrikanervolk te bevorder.


Skenkings kan inbetaal word op die HNP se bankrekening. Die besonderhede is soos volg:

Absa Tjekrekening	
Naam van rekening:	HNP
Takkode:	632 005
Rekeningnommer:	020 001 348
Verwysing:	Van, Voorletters, Stad/Dorp en die syfer 50

So is ons verraaai (2)

Uit: Kruger, Paul: *Settlement of the Boer-Afrikaner People's claim to territorial self-determination: Inviting international intervention.*

Verkrygbaar by Chantal Kruger, VVK-kantoor, tel. 079 740 7214. (die boek is tans net in Engels beskikbaar. 'n Afrikaanse weergawe sal binnekort verskyn).



Namate die guerrillafase van die oorlog voortgesleep het, het die sielpynigende sterftesyfer in die troostelose, oorvol tentkampe weens hongersnood, blootstelling en siekte bly styg.

Die Britte het hulle oorlogspoging deurgaans verskerp en die uitgeputte Boere moes uiteindelik oorgee deur op 31 Mei 1902 die Verdrag van Vereeniging te teken. Dit was 'n duur oorwinning vir die Britse Ryk; 22 000 soldate het gesterf in 'n oorlog wat Brittanje £200 000 000 gekos het. Die Republieke het gesamentlik sowat 7 000 burgers op die slagveld verloor, maar bykans vyf keer soveel burgerlikes. Ongeveer 115 000 van hulle was in die Britse konsentrasiekampe aangehou. 'n Kwart hiervan — 27 633 vrouens, bejaardes en kinders — sou nooit die kampe lewendig verlaat nie... 14 431 van hulle was babas onder die ouderdom van twee jaar (*Reynolds*: 168-172; *Pakenham*; 539, 595). Vir die Boere, wie se bevolking in die twee Re-

publieke voor die oorlog 'n geraamde 200 000 getel het, was dit 'n slagting wat bykans 14% van die bevolking uitgewis het — 'n volksmoord waarvan die Boerevolk tot vandag toe nog nooit herstel het nie.

DIE STRYD VAN 'n OORWONNE VOLK, 1902-1948

Van nederlaag tot stedelike agterbuurte

Minder as die helfte van die Boere wat voor die oorlog geboer het, kon boerdery op hulle vernietigde en gestroopte plase hervat. Hulle het gevolglik in hulle duisende na die dorpe op die Rand getrek, waar hulle in haglike omstandighede in krotte in agterbuurtes moes woon. Boerdery was al wat hulle geken het en omdat die meeste geen formele opleiding gehad het nie, is net sommige as hande-arbeiders teen 'n hongerloon in diens geneem.

Hulle plase in die vernielde Republieke is deur uitlanders en vreemdelinge vir 'n appel en 'n ei gekoop en binne 'n ommesientjie was ten minste 'n kwart van Transvaalse plase in die hande van buitelandse kartelle, wat goedkoop swart arbeiders daarop gevestig het (*Giliomee "The Afrikaners"*: 307, 322). Al die pogings van die vorige Boereregerings om die Republieke se platteland so homogeen as moontlik te bevolk, is op hierdie wyse binne die kort tydperk van 'n paar jaar uitgewis. Vanuit hulle tuislande het Swartes in groot getalle nie net na die dorpe en stede gestroom nie, maar ook na plase wat voorheen aan die Boere behoort het.

Die wenner gryp alles

Intussen is die myne reeds gedurende die oorlog weer in bedryf gestel. Teen 1907, terwyl Transvaal al dieper in 'n afgrond van armoede en ellende gesink het, het die myne goud ter waarde van £26 000 000 per jaar uitgevoer; waarop hulle slegs 5% belasting betaal het (*Giliomee*: 290).

Die Empire verguis sy swart bondgenote

Die gekleurde nie-amptelike oorlogtydse bondgenote van die Britte is na die oorlog in die rug gestek. Die nuwe heersers van die land het spoedig

(Vervolg op bladsy 7)

Woord en wêreld

Wend gawes en talente aan tot verheerliking van Christus

deur Dr Müller Pretorius



In 1 Kor. 12 word vir ons beskryf dat die Heilige Gees aan die gelowiges verskillende gawes uitdeel soos Hy wil. Hierdie gawes moet dan aangewend word om Jesus Christus die Koning en Hoof van die Kerk te verheerlik. Dit moet dan lei tot die goeie funksionering en opbouing van die Kerk. Daar mag ook nie afgunstigheid tussen die lidmate van die Kerk wees nie, want almal moet net een doelwit voor oë hou en dit is dat al die eer slegs aan die Hoof gegee sal word. Hierdie eenheid en samewerking kan slegs bereik word deur die band van die liefde tot God en liefde tot mekaar as lidmate.

Elke gelowige besit die Heilige Gees, want dit is die Gees van God wat die mense wat God voor die grondlegging van die wêreld uitgekies het om sy kinders te wees (Ef. 1:4) wederbaar en deel van sy volk maak. Maar die Gees van God deel ook verskillende gawes aan elke gelowige uit wat hulle moet gebruik om God te verheerlik. Om hierdie saak aan ons te verduidelik, gebruik die Bybel die beeld van die menslike liggaam. Dit stel ons in staat om te verstaan hoe ons moet funksioneer om die volk van God hier op aarde te laat werk.

Dit is baie belangrik dat dié beeld gebruik word, want dan weet mens dat die besondere gawe wat jy gekry het, noodsaaklik is en absoluut nodig is om die volk van God goed en reg te laat funksioneer. In verse 15 tot 26 word die saak volledig uiteengesit sodat daar geen verdeeldheid onder lede van die liggaam van Christus hoef te wees nie.

Wat belangrik is, is dat elke gelowige moet vasstel watter gawe die Heilige Gees aan hom of haar gegee het en dan seker maak dat ons daardie betrokke lid (gawe) gebruik en aanwend soos wat die Gees bedoel het.

Juis omdat elke ledemaat van die menslike liggaam nodig is vir die regte en goeie funksionering van elke mens, daarom is dit tog onsinnig dat die een ledemaat sal meen dat sy funksie belangriker is as dié van 'n ander ledemaat. As daardie sogenaamde misdeelde lid nie daar sou wees nie, sou die liggaam nie volmaak en reg gefunksioneer het nie. Al sou dit net die kleintoontjie wees wat af is of 'n sweer aan het, sal daardie mens kruppel en ongemaklik geloop het.

Toegepas op die verskillende gawes wat aan die gelowige mens deur die Heilige Gees gegee is, beteken dit dat as mens net die gawe van die spreek in tale ontvang het en nie die gawe van die uitleg van daardie taal ontvang het nie, of daar ook nie 'n ander persoon in die byeenkoms teenwoordig was wat tale kon uitleë nie, sal dit mos onsinnig wees, of anders gestel, sal dit nie tot nut van die persoon of die gemeente gewees het nie. Dan sou die gemeente nie daardeur gebou kon word of die eer van die HERE daardeur bevorder word nie.

Daarom moet elkeen van ons net seker maak dat ons weet watter gawe ons van die Gees van God ontvang het wat ons funksie in die liggaam is. Dan sal ons deur die Gees gelei en gehelp word om juis daardie funksie so goed as moontlik te gebruik sodat die liggaam (gemeente) waarvan ons deel is, ook goed funksioneer. Dit alles net tot eer van die Hoof van die Kerk — Jesus Christus.

Dit is slegs wanneer die verskillende ledemate aan mekaar verbind is deur spier, senings en senuwees dat die mens kan funksioneer en iets kan doen wat van hom verwag word: om te kan leef en eet en werk en loop om dit te doen waarvoor enige mens geskape is om te doen tot eer van God. Hierdie verbinding van die verskillende ledemate kan dan gesê word, is die liefde wat God vir ons gehad het om ons te skep en die liefde wat ons vir God het en wat ons vir mekaar het as mede-lidmate (lede) van dieselfde liggaam (kerk, volk van God).

As ons dan vra wat ons nodig het om 'n lewende gemeente te wees, of liever, 'n lewende lidmaat van die liggaam te wees, is dit om te sorg dat ons weet hoe lief God ons het deurdat Hy sy Seun gegee het as offer aan die kruis om vir ons die ewige lewe te verwerf. Verder moet ons weet dat ons uit dankbaarheid ons lewens aan God sal wy en leef tot sy eer. Dit alles word gedra deur die band van die liefde wat die Heilige Gees in ons harte ingestort het (Rom. 5:5). Sorg dus dat u weet wat die besondere gawe is wat die Heilige Gees aan u gegee het en dat u sal toelaat dat die liefde deur u werk om te funksioneer, nie soos wat u meen wat reg is nie, maar soos wat God dit van u verwag.

Verraai

Van bladsy 5

hulle eertydse swart wapenbroers ontwapen, effektiewe metodes bedink om hierdie verarmde mense te belas; en voortgegaan om ook in die twee nuwe kolonies paswette (wat al so vroeg as 1809 onder die Britse bewind in die Kaap ingestel is) in te voer. Verder is die lae vooroorlogse lone van swart mynwerkers met bykans 25% verminder. Swart trekarbeid en die swak lewensomstandighede in die kampongs, wat al by die De Beersmyne in Kimberley ontwikkel het, het landswyd die toekomstige norm vir die mynindustrie geword.

Hulle swart wapenbroers het ook geen politieke regte bekom nie. Die Verdrag van Vereeniging, wat die Anglo-Boereoorlog beëindig het, het in artikel 8 bepaal dat die *status quo* ten opsigte van die stemreg vir Nieblankes in die Republieke gehandhaaf sou word tot tyd en wyl selfregering ingestel sou word. Die Britte self sou dus nie die gekwalifiseerde stemreg vir Nieblankes wat in die Kaap gegeld het, na die voormalige Republieke uitbrei nie. Dit was 'n groot teleurstelling vir die Swartes in die laasgenoemde gebiede, wat onder die indruk was dat dit hulle beloning sou wees vir hulle lojale diens tydens die oorlog. In 1903 het Milner 'n *South African Native Affairs Commission* aangestel, wie se aanbevelings vir Britse beleid ten opsigte van Swartes in hulle nuwe kolonies in die algemeen aanvaar en in wetgewing omskep is.

Reeds in 1894 het Rhodes, as Eerste Minister van die Kaap, die eerste swart "tuisland" in Suider-Afrika geskep toe hy die *Glen Gray Act* gepromulgeer het. Hierdie wet het 'n sekere gebied in die Kaap uitsluitlik vir swart bewoning afgebaken, waar die inwoners hulle eie verteenwoordigers kon kies. Swartes wat daar gewoon het, is van hulle gekwalifiseerde reg om vir verteenwoordigers in die Kaapse Parlement te stem, gestroop. In dieselfde trant en gebaseer op voorstelle van Milner se *South African Native Affairs Commission*, het die Britte Swartes na 1902 verbied om grond tussen Blankes in dorpe, stede en die platteland te besit. In stedelike gebiede is daar lokasies (locations) vir hulle afgebaken waar hulle uiteindelik in haglike omstandighede gewoon het. Boonop is die tradisionele stamgronde, wat sowat 3% van Transvaal beslaan het, uitsluitlik vir swart bewoning gereserveer (*Van Jaarsveld*: 243; *Giliomee "The Afrikaners"*: 264-266).



**Dié Land
is ons Land!**

Nommer 6

Die Difaqane (2)

Die difaqane wat deur Tsjaka se toedoen in Natal begin is, het omstreeks 1822 na die Vrystaat oorgespoel.

Die enigste wat die chaotiese toestand kon bolwerk, was Mosjwesjwe wat hom in 1822 in die onherbergsame Maluti's gaan vestig het. Met die Suid-Sotho's as kern het hy talle vlugteling by sy volk gevoeg en so doende die Basoetovolk gevestig.

Transvaal is so te sê heeltemal ontruim deur die difaqane. Die stamme wat daar gewoon het, het gevlug en in die vorm van 'n hoefyster rondom Transvaal gaan woon. Die Barolong van Maroko het vanaf Makwassie in Wes-Transvaal in hul verwilderheid self suidwaarts gevlug en by Thaba'Nchu beland. Daar het die Voortrekkers hulle aangetref.

Mzilikazi (Pad van Bloed), 'n Zoeloe, het na 'n veldtog nie alle gebuete vee aan Tsjaka oorhandig nie, en moes vir sy lewe vlug. Op sy pad van verwoesting het hy lede van ander stamme om hom vergader en so doende die Matabele-stam op die been gebring.

Die difaqane en die Matabeles het van Transvaal en die Vrystaat 'n onbewoonde woesteny gemaak. So ver die Voortrekkers die gebied binnegetrek het, het hulle die onbewoonde gebied beset met die enigste gevestigde volk die Matabeles. Dié het hulle by die Vaalrivier aangeval waar die Liebenbergs en Erasmusse uitgemeor is. By Vegkop in Oktober 1836 het Hendrik Potgieter egter Kalipi se optog verpletterend verslaan. Dit is in Januarie 1837 opgevolg deur 'n ekspedisie deur Potgieter en Gerrit Maritz waardeur die Matabeles uit Mosega verdryf is. Dit is in November opgevolg deur 'n strafekspedisie deur Potgieter en Piet Uys toe die Voortrekkers die Matabeles nie net uit Kapain verdryf het nie, maar ook uit Transvaal. Hulle het oor die Limpopo gevlug.

Benewens die besetting van onbesette gebiede tussen die Oranje en Limpopo, het die Voortrekkers na die verdrywing van die Matabeles ook op grond van die reg van verowering Transvaal en die Vrystaat as Voortrekkergebied verkry.

HNP se webblad:

www.hnp.org.za

Tel.: 079 752 4898

Boere druk Ramaphosa

Van bladsy 1

(wat nie boere is nie) in TLU SA, is besluit om die handelsmerk en aanslag te vernuwe en 'n groter digitale teenwoordigheid te skep deur middel van 'n nuwe, gebruikersvriendelike webwerf en deelname op die grootste sosiale media-platforms.

Verder het die beleid en wetgewing in 'n veranderde Suid-Afrika 'n direkte invloed op landbou en boere. Dit is veral uitdagings rondom verantwoordelike ekonomiese beginsels, die veiligheid van boere en die reg tot privaat besitreg, wat nou op die voorgrond is en waaraan TLU SA aandag gee.

“Dit is vir ons kommerwekkend dat die rolspelers in die landboubedryf die ANC-regering se koers van privaat besitreg en 'n vryemarkstelsel na sosialisme en kommunisme — wat baie duidelik in die Vryheidsmanifes, die Nasionale Demokratiese Rewolusie en die Strategie- en Taktiek-dokument uitgespel word — nie goedkeur nie, maar tog gedweë daarmee saam beweeg,” sê mnr Meintjes. “TLU SA is eerlik oor hierdie aanslag en die invloed wat dit op landbou en boere het en sal hê.”

TLU SA is van mening dat hierdie koers reggestel kan word, tot die voordeel van landbou, Suid-Afrika, en uiteindelik die hele bevolking, deur die volgende stappe:

1. Behou ons geloof;
2. Wees eerlik oor die rigting waarin die ANC beweeg en die resultate wat dit sal meebring;
3. Staan vas by die beginsels wat Suid-Afrika kan red: privaat besitreg en die vryemarkstelsel;
4. Kommunikeer suiwer rondom dit wat reg is deur nie bloot ANC-besluite na te praat nie;
5. Waak daarteen om bloot dit wat verkeerd is, te probeer bestuur;
6. Doen deeglike navorsing oor veiligheid, ekonomiese volhoubaarheid, eiendomsreg en watersake; en
7. Werk positief aan dit wat die beleggersvertroue in Suid-Afrika volhoubaar kan herstel.

“Ons doel bly altyd om kommersiële boere veilig en volhoubaar op hulle plase te hou.”

Werda Gastehuis

- * Akkommodasie in Upington.
- * Gratis parkering op perseel.
- * Elke kamer is toegerus met 'n platskerm TV en 'n ketel.
- * Alle kamers het bad- of stortgeriewe.
- * Naaste lughawe is Upington Lughawe, 5km ver.

+27 823380934

admin@werdakamers.co.za

RIETBOKSTRAAT 2
POSBUS 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAKS: (014) 777 1618
FAKS NA E-POS: 086 614 1129
E-POS: spien@lantic.net



2 RIETBOK STREET
P.O. BOX 298
THABAZIMBI
0380

TEL: (014) 777 1618/87
FAX: (014) 777 1618
FAX TO E-MAIL: 086 614 1129
E-MAIL: spien@lantic.net

SCHALK JACOB PIENAAR
B.PROC (U.P)

LITIGASIE EN KOMMERSIËLE PROKUREUR / LITIGATION AND COMMERCIAL ATTORNEY
AKTEVERVAARDIGER / CONVEYANCER

WEBBLAD: www.sjpienaar.net

PROKUREUR AKTEVERVAARDIGER BOEDELBEREDDERAAR TAKSATEUR ARBEIDSKONSULTANT
ATTORNEY CONVEYANCER ADMINISTRATOR OF ESTATES APPRAISER LABOUR CONSULTANT



*Die jaarlikse kransleggings by die
Irene Konsentrasiekamp-kerkhof
vind vanjaar op Saterdag,
15 Junie om 09:00 plaas.*

*By dié geleentheid word hulde gebring
aan die vroue en kinders wat tydens
die Engelse Oorlog in
konsentrasiekampe gesterf het.*

*Ons nooi u hartlik om deel van
die verrigtinge te wees.
U is welkóm om self ook 'n kransie te lê.*